

# Bied ongerepte (koue) kuslyn

**Die Noord-Kaapse kuslyn, wat vir ongeveer 300 km vanaf die provinsiegrenslyn van die Wes-Kaap tot teen Namibië strek, is relatief onontdek wat toerisme betref. Ongeag rotsagtige gebiede en die yskoue water van die Atlantiese oseaan, bied die ongerepte area talle strande, stranddorpies en ontspanplekke vir besoekers.** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# ‘Onvergeetlike ervaring’ ten doel

**“Be so busy loving your life and your aspirations that you have no time for hate, regret or fear.”**

Hierdie aanhaling van die selfhelpskrywer Karen Salmansohn sou ’n mens graag as riglyn vir die nuwe jaar wou gebruik.

Maar met die oortik van die sekondewyser vanaf 2022 na 2023 het nie veel – behalwe die datum – verander nie. Die nuwe jaar het ingetree soos wat die ou jaar uitgetree het – met dieselfde onheilswolke én wolke met goue randjies wat bo die mensdom se koppe blom.

Tog, skryf dr. Ashaq Hussain in die e-publikasie *Rising Kashmir*, skep elke nuwe jaar hoop en nuwe emosies in die hart van elke mens. In die algemeen glo mense dat die komende jaar beter as die vorige een sal wees.

Omdat hulle op daardie tydstip optimisties voel, word Nuwejaarsvoornemens gemaak met vasberadenheid om dit jaaruit deur te voer, skryf Hussain, wat ook van mening is dat die verloop van tyd die grootste werklikheid van die wêreld is. Elke oomblik wat verby is, is verby. Dit kan nooit weer herhaal word nie.

Saam met hierdie besef is daar die globale uitdagings wat elk van die agt biljoen inwoners op die aardbol in ’n mindere of meerdere mate raak.

Volgens forbes.com is van die grootste uitdagings wat ondernemings in 2023 in ’n snelveranderde wêreld in die oë moet kyk, onder meer inflasie, die breek in sekuriteit van voorsieningskettings en die agterstand wat weens Covid-19 opgedoen is; versnelde digitale transformasie; data- en toestelsekuriteit met kuberaanvalle en sy trawante wat al hoe meer voorkom; en verhoogde verwagtinge van kliënte – mense soek onvergeetlike ervaringe, ook wanneer hulle aankope doen.

Besef vanjaar die vlietendheid van tyd. Hoop sonder skroom. Droom groot en daag jouself uit.

Doen dan ten goede, én jou bes. So maak jy ’n grootse bydrae om 2023 ’n onvergeetlike ervaring te maak.

Little gem

Let us start the new year with idioms for new goals:

- Break new ground: To make a discovery or do something that has not been done before.
- Nothing ventured, nothing gained: You have to take risks if you want to achieve things and be successful.
- Move mountains: Make an effort to do something.
- A breath of fresh air: A refreshing change.
- Blow the cobwebs away: Have a fresh, lively state of mind again. – **Source: Learning English with Oxford**

Twyfelhoekie

# Laaie reggepak vir jaar wat voorlê

HANNES NOËTH

**Hier so met die wegspring van die jaar is dit darem vir my baie duidelik dat ek die nuwe jaar nie met ’n kantoor met oorvol laaie kan ingaan nie.**

Ek moet maar ’n dag of twee afvat en vyf jaar se laaie deurwerk.

So gedink, so gedoen.

Dit is nie so maklik nie.

Ek word met die waarheid van tyd gekonfronteer.

Tyd staan nie stil nie.

Ek neem my voor om in hierdie jaar my tyd sinvol te probeer gebruik in alles wat ek doen.

Dit is vir my baie duidelik hoe ’n mens droom, beplan, doen en dan is dit verby.

En skielik is ’n mens vyf jaar ouer.

Ek word ook met die waarheid van prioriteite gekonfronteer.

As ek nou na van die dinge waarmee ’n mens jou moeg gemaak het kyk, besef ek terwyl ek deur hierdie laai werk hoe dikwels ons onsself moeg maak met dinge wat werklik net verbygaan.

Ek neem my voor om so te prioritiseer dat ek my nie moeg maak met dinge wat net kosbare tyd opneem nie.

Ek word met die rykdom van menswees gekonfronteer.

Dit klink simpel, maar ’n mens bêre in jou laaie vreemde goed.

Stukkies onthou, stukkies sentiment, stukkies stories.

Jy word herinner aan mense en plekke, gebeure en oomblikke.

Ek neem my voor om meer hiervan te bêre.

Daardie dinge wat ek wil onthou.

So gaan ek met skoon laaie ’n nuwe jaar binne.

Ook sommer ’n skoon gemoed.

Tyd, prioriteite en stukkies onthou.

Ek sien uit na 2023.

Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as ’n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883

**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



**PERSRAAD**
Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.

Potpourri

# Sterkte met 2023

KARIN MULLER

**2023 lê voor ons uitgestrek.**

Soveel om te doen. Soveel om te oorleef.

Eersdaags word Valentynsdag gevier. Voordat ons tot verhaal kom, gaan Paasfees aanbreek. Daarna staar ons nog ’n winter in die gesig. Nadat die winter uiteindelik gegroet het en die somer ’n draai begin maak, word Kersversierings amper weer opgehang.

Dan begin mense ná ’n baie lang jaar na hul verlof uitsien.

Dít is die komende jaar in ’n neutedop. Net soos vorige jare en komende jare.

Ná die chaos van grendeltyd dink ek ons beskou die begrip “vervelig” in ’n ander lig. Die meeste mense verkies nou “vervelig” – net solank ’n idee het van wat voorlê.

Dalk gaan dit beter wees as ons die nuwe jaar in stukke opbreek. Dalk voel ons minder oorweldig.

Eers moet ons deur Januarie beur, want hierdie tyd van die jaar klop niemand se begrotings nie. Leerlinge moet terug skool toe. Die meeste mense moet terug werk toe. Teen die tyd dat ons Januarie weggewerk het, gaan Februarie met sy finansiële jaareinde aanbreek. Dit is ’n uitdaging op sy eie.

Teen Maart gaan ons trots wees op die eerste paar maande wat ons suksesvol afgehandel het.

Teen April begin die jaar spoed kry en teen Augustus sal ons nie kan glo waar ons trek nie.

Sterkte met die jaar wat voorlê. Mag dit ’n voorspoedige en suksesvolle jaar met hope liefde en vrede wees.

Kameeldoring

# Visvang ‘in opdrag’

GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN

**’n Dobbertjie het onverklaarbaar oor die Kersvakansie in die pastorie verskyn.**

“Look Mom, Santa wants us to go fishing!” roep Oudste uit terwyl hy, teen die huisreëls, die gang afhardloop.

Mamma dink aan vislyne wat koek en sonbrand.

“So can we go fishing!” Sy stemtoon klink beslissend.

“Gaan vra jou pa,” bons Rooyma die versoek weg. Pappa probeer wal gooi, maar Oudste sê “maar Jesus sê so,” en hy begin “Visvang vir Jesus” sing.

Asof afgespreek, stap Sussie die vertrek met twee visstokke (van waar dit in die hoek van haar pa se werkswinkel staan en stof opgaar) binne. Sy glimlag.

“Okay, but first you need to practise using the (splash) pool,” stel sy Pa die voorwaarde.

Nadat die lyn op tol, begin die visvangles met net ’n sinker aan die punt. Terwyl die amateur-visvangers oefen, probeer Pappa en Mamma kindervriendelike muffins bak. Die kinders gradeer hulself egter gou op na die baksteendam waarin onbekende vissies voor die droogte geswem het. Toe dit te stil word, stap Mamma ondersoek in en vra of die “visse” sal byt as daar nie aas aan die lyn is nie? Sy bied van die baksel muffins aan.

“No thanks, Mom, I doubt they will like it. Except if it is really good.”

Pappa tree nader. Meteens gil Oudste oor die ruk aan die lyn, maar hy is dadelik bekaf toe die lyn net alge oplewer. Die reuk van gebrande gebak doem nader.

“Maybe Daddy should teach you to fish instead,” merk Oudste op en neurie “Visvang vir Jesus”.